

NOMADES

Maart 2013 nuusbrieff.

Hartlik goeiedag aan al die Nomades

Hoop als gaan baie wel daar en julle stapstewels het nog nie te veel stof opgegaan nie.

Daar was nou 'n nuusbrieff of wat, wat nie gebeur het nie, maar my verskoning is maar dat ek gewag het vir terugvoer op die strandloper roete wat ek nog nie ontvang het nie, asook die AJV se reelings en dokumentasie wat ook afgehandel moes word. Maar hier is nou 'n lekker lang lees opsomming van die laaste ruk se dinge en 'n vooruitskouing op die dinge wat nog moet gebeur. Ek hak ook 'n paar van my fotos in om die van julle wat nie op die roetes was nie, darm 'n idee te gee en lus te maak om gou weer te kom saamstap. Stuur asb enige voorstelle of intresante inhoud aan vir die nuusbrieff of die webtuiste. Dit sal werklik waardeer word.

Marius Stander. MaruisStanderPTA@gmail.com

Roete terugvoer

Desember 2013 - Strandloper stappe.

Strandloper 15 Desember 2012.

Christo V, Cornea M, Edith V, Ester dC, Hans L, Norma G, Sonisca M en Wilna H het saamgestap. 8 Stappers het die 3 nagte, 4 dae roete, 57Km gestap tussen Keimond en Gonubie in die Ooskaap.

Strandloper 17 Desember 2012.

Adri H, Brendon J, Esmeralda N, Illizette vI, Karla K, Marius S, Piet vI, Andrea K, Danie B, Dick H en Kobie Venter, 12 stappers het die roete gestap.

Die roete begin by die Enviro sentrum net Suid van die golfbaan by Kei-mond waar ons die aand voor die



amptelike roete in een groot sentrum geslaap het. Twee Masiewe kamers met lekker enkel beddens, 'n kombuis en braai/kuier stoep/area en goeie ablusie geriewe. Die laaste aand na die stap het ons weer daar geslaap en dus was die 'stap' in werklikheid 5 nagte. Voorheen het die roete 'n draai deur die dorp en jou verby 'n skulpies museum ens geneem en dan het jy geslaap by die ou waterpomphuis, net langs die lighuis. Nadat die see 'n paar jaar gelede sy strand en dele van die pomphuis se muwe teruggeeis het, is die lus nou uitgesny en slaap jy die eerste aand van die stap by die Double mouth hut. 'n Baie mooi hout-hut, by 'n karavaanpark met mooi ablusie. Lekker braai area en 'n uitsig direk op die see. Dag twee stap ons dan baie korter

aangesien die stap ons net neem tot by Haga-Haga, nadat 'n brand die hut by Cape Henderson vernietig het, is die oornag punt geskuif na 'n tydelike kamp met 'n tent en chemiese toilette op 'n oop erf in Haga Haga. Dit het gemaak dat dag 3 se stap oor die 20km was, maar agv die plat terein het ons 6:00 die oggend begin loop by die vorige hut en was ons ongeveer 13:00 by Beacon

Valey hut gewees. Dus nie werklik so 'n lang stap nie. Die laaste sowat 2Km van die stap gee jou die opsie om of deur die natuurlike woud, so 200m binneland in te loop, wat 'n lekker afwisseling was van die baie strandstap, of jy kan die strek ook weer op die strand loop. Beacon Valey hut is sowat 100m vanaf die strand, binne in die kus-bosse, dus het jy hier nie 'n direkte see-uitsig nie. Drie Baie klein en beknopte kamertjies met stapelbeddens, 'n klein kombuis area, een kouewater stort en 'n lekker ou welriekende longdrop het die prentjie voltooi. Dag vier moes ons dan ook so beplan om rondom 14:00 by die laaste



rivier te wees, aangesien dit dan laagwater is by Gonubie. Hierdie sowat 14.5km was weereens hoofsaaklik op die strand met die laaste entjie op redelike ernstige klipperige strande wat nogal moeilik geloop het. na die laaste rivier kruising gou iets te drinke gekry by 'n eetplekkie en die shuttel gebel wat ons teruggeneem het na die Evriro senrum waar ons die aand weer geslaap het. Die toer is efektief afgesluit deur 'n lekker ete die aand by die golfklub, 'n klipgooi vanaf die enviro sentrum af. Die volgende ogend is almal maar weer vroeg weg in hulle onderskeie rigtings. 'n baie mooi stap en ten spyte van die sowat 57Km nie te uitputtend of moeilik nie. Die een wenk wat ek wel vir enige Stransloper stapper kan gee is om wel genoeg water saam te dra, al sien jy die vakansie huise en dorpie aan die landkant, is water nie altyd so beskikbaar nie en as die daai sonnetjie uitkom en jou alleen op die strand vang sonder water is dit minder plesierig.

25-27 Januarie 2013 - Lesoba - Fouriesburg.

15 stappers het hierdie roete meegemaak. *Adrie K, Anna-Marie K, Annalene B, Christo V, Christo K, Erika B, Irma vR, Jakes T, Jannes vR, Joe D, Llewellyn P, Lolla D, Marius S, Phrina O en Wilna M.*



Welkom dan ook al die *nuwe* stappers wat hopelik gou sal lede word, wat hierdie hulle eerste staproete saam met Nomades gemaak het.

Lesoba is 'n luukse basiskamp roete met puik akomodasie. Daar is keuses tussen stappersakomodasie (6 slaap in 'n ruim suite met eie kombuis en badkamer), en dan mooi baie ruim chalets wat 4 elk slaap wat bespreek kan word met beddegoed of daarsonder, ten volle toegerus. Jy kan ook kies om jou tent of karavaan saam te neem. Baie mooi onderdak braai fasiliteite en kuier area met wasbak is ook tot almal se gebruik beskikbaar. Die roete vou oor en om 2 groot sandsteen formasies/koppies.

Dag een skuur teen die groter kop se kontoere op en op en dan die finale stuk sowat 150m op is in 'n nou skeur wat nie meer as 3m wyd is nie tot bo-op die een groot kop. Die plaas hinde het saamgeloop en heelwat hier gesukkel teen die klippe op, maar dit to bo en weer later af saam met ons gemaak. Van bo-op die plato kan jy baie mooi uitsigte oor die hele omgewing kry, wat insluit Lesotho oorkant die Caledon rivier, landerye, die gat in die berg (sien foto hieronder) en 'n skrikwekende uitsig op die KOP wat ons die volgende dag moet Op en Af. Maar baie mooi. Al met die plato bo-op die kop langs, dan weer af in 'n diep skeur tot amper onder en dan weer matig af teen die voet van die kop tot by die basiskamp. Die laaste deel loop dan ook verby Queen Victoria se 'standbeeld' wat van ons kon uitken en 'n klompie ou ruines. Daar is ook boesman tekening wat



Lesoba - Dag 2 se koppie. Op en Af.

al heelwat beskadig is en 'n paar baie mooi sandsteen oorhange. Dag 1 is sowat 11Km. Dag twee is sowat sowat 7Km lank, maar 'n lang en aanhoudende steiging teen die grasbedekte voet van die kop wat ons die vorige dag so duidelik kon sien. 'n paar mooi klip oorhange weer op die roete en baie mooi plantegroei, maar geen bome nie. Oor die kop se plate, eet en rus 'n bietjie daar en dan weer skerp af aan die anderkant, en die laaste entjie met die grondpad terug na die basiskamp.

Die roete 'n 'n bietjie ver maar baie mooi en die kamp is so mooi, as jy nie wil stap nie, kan jy sommer net daar kuier, soos 'n ander groep karavaners wel gedoen het.

22-24 Februarie 2013 - Ama-Poot-Poot (Dullstroom/Belfast).

24 stappers het hierdie dagstappe meegemaak. Adrie K, Anna-Marie L, Annali S, Annalene B, Christo V, Dalene vZ, Esmeralda N, Fritz vD, Hans L, Janie S, Juan B, Karin K, Kobie V, Magda G, Marie T, Marius S, Maryke vdH, Norma G, Phrina O, Silvia O, Vicky O, Wilna M en Pieter S. (Skuinsgedruk is persone wat die eerste keer saam met Nomades gestap het. Welkom!) Marie en Ernst Teichman het dan ook vir ons hulle ervaring van Ama-Poot-Poot gedeel hieronder. Baie dankie daarvoor.

Ek (m) lewer so 'n bietjie kommetaar tussenin. :

“Met ons aankoms by Amapootpoot was 'n 4x4 nie 'n noodsaaklikheid vir die 1.7 km grondpad nie.

Met twee ruimkamers met 'bunker' beddens is daar is genoeg slaapplek vir 24 mense. Daar is ook 'n grootkombuis met 'n YSKAS en ons kon heel gerieflik bly die naweek. Die badkamergeriewe was egter bietjie knap vir ons grootgroep van 24 stappers. (m: 2 storte, 3 sitplekkies en 2 wasbakke wat almal deel. Witgoud word voorsien.)

Met 'n groot braai area en oorgenoeg hout wat voorsien was, kon ons almal vinnig gesellig raak rondom 'n knetterende vuurtjie en kon die naweekgevoel behoorlik begin insink het.

Oorsig van die twee dae se staproetes:

Dag 1: Ons was almal vroeg uit die vere



Saterdagoggend en reg vir die grootstap die dag. Na ons eers 'n groep-fotogeneem het, het ons stiptelik 7h begin op die 13 km lange RooiRibbokroete.

was!!!). (m: Watter eerlike stapper sal dit wil doel - vertel!)

Ons was bederf met 'n groot verskeidenheid soorte bokke en ander wild soos Blesbokke, Gemsbokke, Impala, Zebra's en Blouwildebeeste wat ons op die roete kon sien. Die roete het heelwat variasie gebied deur 'n verskeidenheid rivierstroompies wat oorgesteek moes word en heelwat opklim & afsak, maar dit was alles die moeite werd met die uitspan by die grootwaterval.

Die stap was bemoeilik met die feit dat daar baie min skadu was en die hittige son het dit ook moeilikergemaak, maar die merkwaardige uitsig oor berge, riviere en valleie het dit opgemaak vir die warm son.

Dag 2: Ons het Sondagoggend 'n halfuur vroeër begin stap om 'n bietjie ekstras tyd in die koeler oggend te kry om te stap. Dit was ook 'n heelwat korter roete van net 6km.

Hierdie roete het verby die foreldamme geloop en ons was vinnig tussen die koppies op pad na die kloof toe en het op pad 'n hele paar klein watervalletjies gekry op die roete. Die roete loop tot aan die onderpunt van die grootwaterval van Dag 1 se stap en daar was rots poele waarin stappers kon afkoel.

Die roete gaan dan weg en loop deur twee bosplantasies wat ekstra verskeidenheid aan die roete bied. Hier was dit wel 'n bietjie van 'n geraaiery van presies wat se paadjie om te volg, maar die bos is nie te groot dat mens te ver hoef te soek vir die gemerkte pad nie.



(m: Ama-Poot-Poot is sowat 220Km vanaf Pretoria. Die hoogste punt op die roete was ongeveer 1960 meter bo seevlak en die laagste in die rivier, die Witpoort rivier was sowat 1800m bo seevlak. Dus ongeveer 160m hoogte verski. Die basiskamp se naam is 'Ou Grootpoot' en die 2 kamers is genoem 'Footloose' en 'Boots & All'. Nog 'n klein nadeel van die kamp is dat daar ongelukkig selfoon ontvangs en krag/lig beskikbaar is by die basiskamp. Die Matrasse is DIK en slaap baie lekker. Die



implikasei daarvan is net dat die ruimte tussen die onderste en boonste stapelbed nou sowat 15cm minder is. Die kombuis het ook twee 3 plaat gasstowe vir almal wat spek en eiers vir ontbyt wil maak. Daar was 'n klein voorval met een van die stappers wat Sondag op die roete baie gesukkel het en die baas van die plaas het sonder enige klagtes ook gou gaan help en die persoon met sy bakkie gaan haal en teruggeneem na die basiskamp. Baie goeie en vriendelike diens van die roete-eienaar gewees.)

Lede 2013.

Die volgende persone het al hulle ledefooie betaal. Kontak my asb as jy betaal het en jou naam is nie op die lys nie. Jannes van Ryssen, Wilna Moolman, Marius Stander, Gerrie, Ester de Castro, Cornea Maree, Edith Steyn, Norma Grotius, Erika Barnard, Cecilia van Rensburg, Kobie Venter, Hans Lachmann, Christo Vlok, Wouter Crous, Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen en Silvia de Jong.

Ons het jou ledegelde nodig om die klub aan die gang te hou, sluit asb aan en betaal jou R130 per JAAR. Dit gaan ons baie help om ons kontant vloei reg te hou sodat ons ook depositos vir die volgende stappe kan betaal sodat ons nie plekke verloor nie. Dan kry jy boonop afslag op jou besprekings fooie. Sien die deel hieronder.

Algemene jaar vergadering Februarie 2013.

Bestuur.

Die teenwoordiges op die klub se algemene jaar vergadering het weer die 2012 bestuur net so herkies. Wilna is dus nog steeds voorsitter, Jannes ondervoorsitter en Marius die webmeester, finansies en nuusbrieff. Dankie vir julle vertrouwe in ons. Ons glo julle gaan help om die jaar vir ons maklik te maak.

Finansies en statistiek.

Find dan ook aageheg die 2012 jaar se finansiële opsomming en sommer net 'n klompie intresante statistiek wat op die AJV met die teenwoordiges gedeel is.

Lede gelde 2013

Beloop vanaf Februarie 2013 tot Januarie 2013 **R130.00** per persoon.

Ons Maandelikste klubaand se saal, webtuiste en ander uitgawes word o.a. hieruit gedek. Dan is daar ook die geskenke en pryse en die basiese instandhouding van ons bankrekening.

Stapfooie.

Opbetaalde lede betaal R5 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete.

Nie-lede betaal R10 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete.

Sou 'n roete R120 pppn (per persoon per nag) kos en dit is 'n 2nag, naweek roete sal jou koste as volg bereken wees.

Basis Koste : R120 x 2 nagte = R240.00

Lid : R5 x 2 nagte, dus totaal sal wees R240+R5 +R 5 = R250 per persoon.


Nie-Lid : R15 x 2 nagte, dus totaal sal wees R240+R15+R15 = R270 per persoon.

Hierdie ekstra fooi word gebruik om die Besprekings agente fooi, bankfooie vir in en uitbetalings, hout, charcole, blitz ens. te dek vir die roete asook om die ander uitgawes te help dek.

Roetes vir die res van 2013.

Vir Injusithi op 21-24 Maart 2013 , in die mooi Drakensberg, gaan Annali S, Corrie dP, Ester dC, Luis R, Marius S, Norma G, Erika B en Amanda H in die groepskamer met 8 beddens slaap.

Die tenters is ChristoV, Cornea M, Irma vR, Jannes vR, Wilna H, Karin K en Hans L. Daar is nog een plek oop.





Begin April het ons Qwaggaspad, naby Balfour in die Grootvlei area, 'n basiskamp roete met dagsirkels. Die basiskamp kan 18 tot 24 persone huisves. Daar is 3 kamers en warmwater is per 'donkie'. Ja, daar is speltoilette en gasplate vir kook. Geen yskas of elektrisiteit nie. n Gaslamp en kerse word voorsien. Die twee dagsirkels so ongeveer 13.5 en 7Km.

Later in April is daar die Baviaans krans Rugsak roete by Rustenburg.

Vir die volledige 2013 jaarprogram gaan kyk gerus by www.nomades.co.za en gaan dan na die 2013 jaarprogram.

-